50 JAAR

# LAERSKOOL PIETERSBURG-OOS

24 Mei 2022

Geagte Voornemende Osie-ouer

**AANSOEK OM TOELATING: Gr. R en Gr. 1 vir 2023**

Aansoek om toelating vir Gr. R en Gr. 1 leerders vir 2023 open 25 Mei en die sluitingsdatum vir die indien van aansoekvorms is Vrydag, 10 Junie 2022. Aansoekvorms sal beskikbaar wees in die skoolkantoor vanaf Woensdag, 25 Mei 2022; Maandag tot Vrydag 08:00 – 13:30.

As gevolg van COVID-19 regulasies is ons genoodsaak om voorsorgmaatreëls in plek te stel om die veiligheid van personeel en leerders te verseker. Aansoekvorms kan slegs by me. Marlene Thomson in die ***saal se voorportaal*** ingedien word en sal ***slegs tussen 07:30 en 09:00; Maandag, 6 Junie tot Vrydag, 10 Junie 2022*** hanteer word. Die voetgangerhekkie, regoor die saal in Bendorrylaan, sal gebruik word. U word versoek om COVID-19 protokol te alle tye te volg; dra u masker, handhaaf sosiale afstand en gebruik die ontsmettingstasie. Slegs een persoon per gesin sal toegelaat word. Maak seker dat u reeds afskrifte van die nodige dokumente gemaak en byderhand het.

U word versoek om aansoekvorms persoonlik in te handig. Die aansoekregister moet in u eie handskrif voltooi word, neem kennis van die aansoeknommer. Geen aansoeke mag per e-pos of per faks ontvang word nie.

Die volgende dokumentasie **moet** die aansoekvorm vergesel:

- ***Afskrif van geboortesertifikaat;***
- ***Nuutste aanpassingsverslag, vorderingsverslag of rapport*** *(kwartaal 1 van 2022);*
- ***Bewys van residensiële adres waar leerder woon*** *(munisipale- of telefoonrekening, nie ouer as 3 maande);*
- ***Afskrifte van beide ouers/voogde se ID-dokumente*** *(afskrif van huweliksertifikaat, indien ouers/voog se van verskil van leerder sin, hofbevel van egskeiding, voogskap, pleegsorg, aanneming, ens.);*
- ***Afskrif van mediesefondskaart;***
- ***Voorlopige oorplasingskaart van huidige skool*** *(of brief van huidige skool vir Gr. R-aansoeke)*
- ***2 x Foto's van die kind*** *(ID / paspoort grootte)*

Aansoeke word op 'n ***"FIRST COME FIRST SERVE"*** **-basis** hanteer, mits u aansoekvorm volledig voltooi en die bogenoemde dokumentasie aangeheg is en aan die volgende kriteria voldoen:

1. ***Afrikaans as huistaal en onderrigtaal;***
2. ***Naaste skool aan u huis;***
3. ***Naaste skool aan u werk;***
4. ***Ouer kinders in die skool;***
5. ***Skool van u keuse.***

Daar is beperkte spasie beskikbaar en aansoeke wat die spasie oorskry word op 'n waglys geplaas asook aansoeke wat nie in die kriteria voldoen nie of buite die skool se voedingsarea val. U sal per e-pos in kennis gestel word van die status van u aansoek teen 31 Augustus 2022.

Stel asseblief die skool skriftelik in kennis by oosskool@mweb.co.za indien u gaan verhuis of u aansoek onttrek word.

***Huidige Oosskoolleerders vanaf Gr. 1 tot 6 sal her-registreer vanaf 5 tot 9 September 2022.***

***Osie-groete***

**DR. PPJ VORSTER**
**BEHEERLIGGAAM VOORSITTER**

**MNR. G.F. PELZER**
**HOOF**

EENMAAL 'N OSIE ALTYD 'N OSIE

Kleinenbergstraat 102, Polokwane, 0699 Postnet Suite #20, Privaatsak x9676, Polokwane, 0700
Tel: 015 296 0214/5 - Faks: 015 296 3642 E-pos: oosskool@mweb.co.za www.oosskool.org